21 Sep

Uitgawe 2011/09/21

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte. Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

...omdat jou hart week is en jy jou voor die aangesig van die HERE verneder het toe jy hoor wat Ek oor hierdie plek en oor sy inwoners gespreek het, dat hulle 'n voorwerp van verbasing en vervloeking sal word, en omdat jy jou klere geskeur en voor my aangesig geween het, daarom het Ék ook verhoor, spreek die HERE. (**2 Kon.22:19**). Koning Josía was deur die Gees van God aangekla die oomblik toe die woorde van die wetboek aan hom voorgelees was. Hy wou regstellings maak en wou alles doen soos voorgeskryf was deur die wetboek. Hoe gereeld breek ons harte wanneer ons die Woord van God lees. Is ons dalk so gewoond aan die inhoud dat ons nie bely wanneer ons sien dat ons nie doen soos dit aan ons voorgeskryf is nie? ***Hemelse Vader, baie dankie vir U geskrewe Woord. Skenk ons asseblief die genade om ons harte te ondersoek wanneer ons U Woord lees en dat ons sal ag gee op alles wat daarin geskryf staan. Sal U vir ons lewe gee volgens U Woord, asseblief.***

Deurbraak: Misdaad statistieke in Suid-Afrika

Suid-Afrika se moordsyfer het gedaal met 6,5% na 15 940 moorde in 2010/2011. Poging tot moord het gedaal met 12,2%. Huis inbrake het afgeneem met 10% na 16 889 gevalle tydens die 2010/2011 finansiële jaar – die eerste afname sedert 2004. (Webruimte: http://www.news24.com/SouthAfrica/News/SAs-murder-rate-drops-65-20110908, 08/09/11). ***Prys die Here vir die afname in sekere misdade in Suid-Afrika. Hou aan om God se aangesig te soek om reg en geregtigheid tot stand te bring in hierdie land. Spreek ook die seën van die Here oor die polisiemag volgens* Ps.20.**

Bid vir jou gemeenskap: Selfmoorde onder skoolleerlinge neem toe in Oos-Kaap

'n Totaal van 96 skoliere in die Oos-Kaap, Suid-Afrika het selfmoord gepleeg sedert die begin van hierdie jaar. 'n Gemiddeld van 16 skoolkinders het elke maand selfmoord gepleeg sedert Junie hierdie jaar. 'n Totaal van 109 leerlinge het hul eie lewens geneem in 2010. Owerhede is oortuig dat die korrekte syfer dalk hoër kan wees omdat die provinsiale onderwys departement die syfers deurgee wat deur die skole aangedui is. (Webruimte: http://www.news24.com/SouthAfrica/News/School-suicides-soar-in-Eastern-Cape-20110919, 19/09/11). ***Vra God om jongmense te versterk en by te staan wanneer hulle onder sulke druk is dat hulle die dood as enigste uitweg sien. Bid teen depressie, angs en hartseer in die harte van jongmense.***

Suid-Afrika: Seremonie om water te seën

'n Demonstrasie van meditasie sal plaasvind op 21 September 2011. Volgens die deelnemers gaan hulle die water van die Middestad in Kaapstad seën. Dit is 'n byeenkoms wat deur almal bygewoon kan word, en geestelike leiers van alle denominasies, sal die water seën wat van die berge van Kaapstad af vloei. Daar sal ook 'n seremonie vir vrede wees en massa dreunsang van die *Aum Ma Camisa mantra.* Camisa is die Khoi San beskrywing vir soet waters (van Kaapstad), wat die Khoi San eerbiedig het. (Kontakpersoon Ayala 083 5488845). ***Volgens Ps 65:9-10 staan geskryf, U het die land besoek en oorvloed gegee; U verryk dit grootliks; die stroom van God is vol water. U berei hulle koring; ja, so berei U die land. U maak sy vore nat, sy kluite gelyk; deur reënbuie maak U dit week; U seën sy uitspruitsel. Prys God, die Skepper, vir Sy voorsiening van water. Bid dat mense wat deelneem aan hierdie seremonie sal besef dat God die bron is en dat Hy ons seën uit Sy rykdom en goedheid.***

Internasionaal: Pakistani Christene het hulp nodig soos water styg

Een jaar na die lewens en heenkome van baie Pakistani Christene verwoes is deur vloede, vind hulle hulself in kommer, want groot gedeeltes van die land is weereens onder diep water. Sowat 6 miljoen mense, veral in die provinsie van Sindh, is vasgevang deur verwoestende vloede. Sommige van hulle het nou eers herstel van verlede jaar se katastrofe. Honderde duisende huise en miljoene hektaar van gewasse is weggespoel. Duisende word gehuisves in kampe, maar die fasiliteite is onvoldoende; baie kamp in haglike omstandighede langs paaie. Hulle is in gevaar van siektes soos malaria, disentrie en knokkelkoors en miljoene hulpelose kinders word bedreig met diarree. In sommige areas is die vloede erger as die van 2010, met reënval in ’n paar dae wat gelykstaande is aan dit van ’n volledige moeson seisoen. Die reën is die ergste in ’n honderd jaar en meer word verwag vir die volgende weke. Te midde van die chaos, ly ons Christen broers en susters meer. Die verlies van hul huise en heenkome laat hulle met geen ondersteuning of oorlewing nie. Hulle word ook oorgesien wanneer hulpmiddels versprei word. (E-pos: subscribe@barnabasfund.org, 16/09/11). ***Bid vir al die mense wat deur die vloede geaffekteer is en dat hulpbronne beskikbaar gestel sal word om in hul onmiddellike behoeftes te voorsien. Bid vir Christene wat ook in die krisis vasgevang is, dat hulpbronne hulle spoedig sal bereik. Bid vir weerlose kinders.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com

To unsubscribe, send ANY message to: bid_7dae-unsubscribe@associate.com